BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# ELKEEN

## Deel 3 – Elkeen 'n Iets

### VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

- **Wat is een van die beste geskenke wat jy al gekry het? Hoe het dit jou laat voel?**
- **Wat is een van die beste geskenke wat jy al vir iemand gegee het? Hoe het dit verskil om die geskenk te beplan teenoor om 'n geskenk te kry?**
- **Hoekom dink jy is dit belangrik om ons liefde vir mense te wys en te sê? Wat dink jy is die gevolg as mense dit nie sien en ervaar nie?**
- **Wat dink jy van die stelling dat ons nooit gradueer daarvan om 'n dissipel te wees nie en dat ons altyd nog 'n stap van gehoorsaamheid kan neem?**

**Lees Lukas 10:25-37 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoekom dink jy gebeur dit dat verskillende mense 'n behoefte kan "sien", maar net party doen iets daaraan? Wat dink jy is algemene verskonings hoekom mense nie nou iets kan doen nie?**
- **Wat dink jy kan ons doen om meer die behoeftes van mense te sien soos God dit sien?**
- **Watter dinge in die wêreld pla jou en laat jou wakker lê? Wat is die dinge wat jou laat voel iemand moet iets daaraan doen? Verduidelik.**
- **Wat keer JOU om iets daaraan te doen?**

**Lees Markus 10:42-45 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Hoekom sukkel mense baie keer om ander se dienaar te wees?**
- **Hoekom is dit vir God belangrik dat ons mense moet dien?**

**Lees Efesiërs 4:7 en 1 Petrus 4:10 en beantwoord die volgende vrae:**

- **Watter gawe(s) het jy ontvang? Hoe het jy hulle ontdek?**
- **Hoe het hulle ontwikkel en hoe gebruik jy dit tans om ander mense te dien?**
- **Indien jy nie weet wat jou gawes is nie, wat dink jy kan jy doen om hulle te bepaal?**
- **Dink jy gawes kan gebruik word in alle seisoene van ons lewe of net sekere tye?**

- **Lees Handelinge 20:35. Hoe sluit dit aan by die woorde van Jesus in Johannes 13:17?**
- **Wat ervaar jy is die IETS wat jy moet doen en voor bid? Deel dit met jou groep.**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**